ng | kenridge

ons bou brûe soos Jesus

2 Desember 2018

SONDAG IN ADVENT

VANDAG SE EREDIENSTE

8h30 Dave Viljoen (Doop)

JOHANNES JACOBUS DREYER,
seuntjie van Jaco & Anina

10h30 Jurie Gouws (Doop)

LAYLA FOURIE,
dogtertjie van Christo & Liza

18h30 Christi Thirion

10h30 OWA Siekeboeg (Nagmaal)

Willem Lötter

SONDAG IN ADVENT

Jesaja 9: 5

"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee. Hy sal die heerser wees met die koninklike titels: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors."

"Advent" beteken letterlik "koms". Ons leef opnuut in die wonder van die menswording van Christus.

DEUROFFERS: BYBELVERSPREIDING

Dit is die taak van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika om bekostigbare Bybels te voorsien vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.

Die Afrikaanse Bybel in braille herdenk vanjaar sy 75ste bestaansjaar.

Die eerste volledige Braillebybel in Afrikaans is op 21 Oktober 1941 vrygestel. Dit is 8 jaar na die eerste volledige Bybel in Afrikaans in 1933 vrygestel is.

Lees gerus meer op www.bybel.co.za

BAIE DANKIE!

Nogmaals dankie aan Johan Steenkamp en die musiekbediening-span, sangers en musikante vir julle volgehoue toewyding gedurende die jaar en veral vir die pragtige Kerssangdiens wat julle aangebied het.

FINANSIëLE TERUGVOER

Totale Inkomstes Maart tot Oktober 2018

Werklike Inkomste as persentasie Begrote Inkomste

Bankkollektes en Dankoffers: 101.5%# (vorige maand 99.6%)

Verjaarsdagoffer: 65.5%#

Totaal: 97.9%#(vorige maand 95.7%)

Tekort op Werklike inkomste ontvang in vergelyking met Begrote inkomste: R140 000 (vorige maand R250 000)

100% beteken dit wat ons werklik ontvang het, gelyk is aan dit wat ons begroot het om te ontvang.

GOEIE NUUS!

Die kleuter– en kinderkerk het 116 sagte speelgoed ingesamel!

Dit sal op Kersdag uitgedeel word aan kindertjies in Karl Bremer Hospitaal, Tygerberg se pediatriese ortopediese saal en Hagar's Choice (plek van veiligheid vir weggooi babas).

BROOD VIR RUYTERWACHT

Onthou asb die Broodblikprojek **(gesnyde brode)** vir Ruyterwacht Seniorsetrum. Houers is in die kerkportale.

2019 KLEUTER– EN KINDERKERK

Ons benodig nog heelwat hulp vir spesifieke klasse in 2019:

Wikkelwurms (3jr) - Kort nog 1 leier (werk op aflosbasis van elke 3de week).

Groeigoggas (6j) – Kort nog 1 leier (werk op aflosbasis van elke 3de week).

Graad 1 – Kort nog 1 leier (werk op aflosbasis van elke 3de week).

Graad 2 – Dogters, kort nog 2 leiers (werk op 'n aflosbasis elke 2de week).

Graad 3 – Dogters, kort 1 leier (werk op 'n aflosbasis elke 2de week).

Graad 4 – Seuns, kort nog 1 leier (werk op 'n aflosbasis elke 2de week).

Graad 5 – Seuns, kort nog 2 leiers (werk op 'n aflosbasis elke 2de week).

Graad 6—Seuns, kort nog 1 leier (werk op aflosbasis van elke 2de week).

Alle lesse en aktiwiteite word week-liks aan leiers gegee en al wat ons van jou vra is om lief te wees vir ons kinders en jou liefde vir God te kom uitleef deur te kom bedien.

Kontak asb vir Susan Johnston in die verband by susanj@ngkenridge.co.za

@NGKenridge @ngkenridge

EREDIENTYE DESEMBER 2018

Sondag, 16 Desember

08h00 Dave Viljoen

10h30 Dave Viljoen (doop)

18h30 Jurie Gouws

Sondag, 23 Desember

08h30 Johan Steenkamp

10h30 Johan Steenkamp

18h30 GEEN Aanddiens

Dinsdag, 25 Desember - Kersdiens

08h30 Jurie Gouws - Kerk

Johan Steenkamp - Saal

10h30 Jurie Gouws (doop)

Sondag, 30 Desember

08h30 Jurie Gouws

10h30 Jurie Gouws

18h30 GEEN Aanddiens

Maandag, 31 Desember - Oujaarsdiens

18h30 Johan Steenkamp

23:30 Johan Steenkamp

Snap here to pay

SnapScan

RUYTERWACHT KERSETE-UITREIK

Skep asb op Kersdag 'n ekstra bord kos uit en bring om 16h00 na die kerk. Polistireen-houers is in die portale beskikbaar vir hierdie doel. (Neem gerus van vandag af). Lidmate word ook genooi om saam te ry na Ruyterwacht om die kos te gaan uitdeel.

NOG GOEIE NUUS!

WP Bloedoortappings Diens het op Maandag, 26 November 'n rekord getal by ons ingesamel van 63 eenhede bloed (die doelwit was 50 eenhede). Die volgende geleentheid vir bloedskenk is 28 Januarie 2019.

LERAARS BESKIKBAAR TYDENS DIE FEESTYD

16 – 22 Desember

Dave Viljoen – 083 303 1251

Jurie Gouws – 072 225 7585

23 Desember – 1 Januarie

Dave Viljoen – 083 303 1251

Jurie Gouws – 072 225 7585

2 Januarie – 7 Januarie

Christi Thirion – 082 728 9762

NG. GEMEENTE KENRIDGE | FNB WILLOWBRIDGE | Bankno: 62622466458 | Takkode: 250655 | Verwysing: Doel/JOU VAN | finansies@ngkenridge.co.za

KENRIDGE GEBED 2—8 DESEMBER

Wat leer die Bybel oor gebed?

Ons moet geduldig bly wag - al kom die antwoord op gebede nie dadelik nie.

Habakuk 2: 3

"Die openbaring geld vir 'n bepaalde tyd; dit sal gou kom want dit kom beslis. Jy moet net geduldig bly wag as dit nie gou kom nie, want dit kom beslis, dit sal nie uitbly nie."

Nadenke

oor watter gebedsversoek in jou lewe raak jy ongeduldig?
vra die Gees vir die vrug van geduld en vir geloof in God se beloftes.

prys en dank God

vir die voorreg om te "werk en te eet", vir lewe, gesondheid, en elke voorreg.
vir die mooi reën wat in dele van die tuinroete uitgesak het.

bid vir die wêreld dat ons die natuurlike hulpbronne van die aarde met verantwoordelikheid sal bestuur.

bid vir ons land - vir waarheid en geregtigheid waar korrupsie en staatskaping ontbloot word.

vroue en kinders wat slagoffers is van geweld en verwaarlosing.
gemeenskappe waar armoede, geweld en werkloosheid mense teister en aftakel.

bid vir ons kerk

Nelis van Rensburg van Welgemoed herstel na 'n rugoperasie en rus na 'n lang en uitputtende jaar in sy rol as Voorsitter van die NG Kerk se Moderamen.
die kerk se Matrixpedisie vir skoolverlaters by Noordhoek.

bid vir ons gemeente se bediening na Buite

Maitland Gemeenskapskerk met die afsterwe van Amanda, 'n sleutel personeellid en al die uitdagings wat hulle nou die hoof moet bied.
Dank die Here vir die vrag vrugte wat ons in Montagu kon gaan pluk sodat ons mense daarmee kan seën.

bid vir ons gemeente

matrikulante – verantwoordelikheid en bewaring tydens wegbreekvakansies.

studente en gesinne wat in die volgende weke met vakansie vertrek.
dank die Here vir die seën van die Geskenkemark - die harde werk en gesindheid van organiseerders, vrywilligers en goeie verkoopsyfers bevestig God se seën.
siekes tuis en in die hospitaal - Riaan en Wilna Coertzen se seuntjie Wikus is tuis na 'n geslaagde operasie in November, Annemarie Voges.
Karl Bremer Uitreikprojek in Desember – dank die Here vir oorvloed met die insameling.

EREDIENSTYE JANUARIE 2019

Sondag, 6 Januarie

08h30 Christi Thirion (doop)

10h30 Christi Thirion (doop)

18h30 Willem Lötter

Sondag, 13 Januarie

08h30 Willem Lötter – Kerk, Familiediens

Christi Thirion - Grootsaal, Familiediens

10h30 Dave Viljoen

18h30 Jurie Gouws